Dinsdag 29 Desember
Skrifgedeelte: 2 Kronieke 30 (AFR 2020)
Fokusgedeelte: 2 Kronieke 30:9b
Nuwejaar minus 3: Draai terug na die Here

Ons kyk terug na 'n ou jaar en vooruit na 'n nuwe jaar. Die Godvresende Hiskia het sy tyd as koning van Juda begin met groot hervormings. Onder sy pa het diens aan die Here nuwe laagtepunte bereik. Hiskia wou byvoorbeeld weer die Pasga met nuwe ywer vier. Die Pasga het teruggekyk na uitredding uit Egipte, en uitgesien na God se uitreddende genade in die toekoms.

Hiskia neem 'n ongelooflike stap. Hy stuur boodskappers na sy volk EN na mense wat oorgebly het in Israel, die Noordryk, wat reeds deur Assirië in ballingskap weggevoer is. Oral was die boodskap: *Die Here julle God is immers genadig en barmhartig; Hy sal nie die gesig van julle wegdraai as julle na Hom terugkeer nie.*

Hiskia speel pragtig met woorde. Die Here sal sy gesig, wat na sy volk kyk, nie wegdraai nie. Die volk moet hulleself, wat weggedraai het van die Here, terugdraai.

Alles het nie klopdisselboom geloop nie: Hulle moes die Pasga 'n maand later as voorgeskryf vier oor al die reëlings wat getref moes word. Uit die Noordryk het sommiges so van die Here weggedraai dat hulle die boodskappers uitgelag het. Ander het al vergeet hoe die Pasga werk en hulleself nie op die regte manier gereinig nie, maar Hiskia het gebid: *"Mag die Here in sy goedheid versoening doen vir elkeen wat aan God, die Here, die God van sy voorvaders, gehoorsaam wil wees, al is dit nie volgens die reinheidsvoorskrifte van die heiligdom nie."* Die Here het sy gebed verhoor en die Pasga was 'n vreugdefees!

In die ware Paaslam het God sy genadegesig na ons gedraai. Deur die Gees moet ons, regdeur ons hele lewe, in berou terugkyk waar ons van die Here weggedraai het, en in verlossingsvreugde ons vorentoelewe na Hom toe terugdraai. Dis ware bekering.

*Sing: Psalm 99-1:1-5*

*Ds. AP (Alwyn) Tredoux (Kempton Park-Noord)*